DSPACE

https://dspace.org/

Die Hollandse en afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-afrika, 1824-1940

Combrinck, Wilhelmus Gerhardus

2015-02-13
http://hdl.handle.net/10539/16995

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

Jong Z.A. is ingerig om 'n familieblad te wees.

Dit open gewoonlik met 'n kort inleiding of artikel van die redakteur. Baie van die inleidings is gewoonlik 'n kort verhaal, bv. „Een donkere nacht in Bainskloof", 'n reis verhaal bv. „In die Sneeuw" of 'n verhandeling bv. „Eigen Zin".

Onder die rubriek „Letterkundige Bydragen" verskyn vervolgverhale soos „Een Uitstapje" 1894; kortverhale bv. „Getrouw tot den Dood" van R.(1895) en Gedigte.

Onder „Wetenschappelyke Bydragen" word onderwerpe soos „Insekotende plante", „Saccharine, de nuwe soort van suiker", „Bacterien" ens. behandel.

„Gezondheidsleer" behandel sulke onderwerpe soos „Voeding".

„Opvoeding en Onderwys" later „De Dagschool" is die rubriek vir onderwyskwessies, soos bv. "De Onderwys in Duitsland" en „Wat is Christelyke Opvoeding".

Dan is daar ook kleiner rubrieke vir „De Zending", „Voor Dames" en „Verscheidenheden".

'n Paar keer verskyn ook „Boekaankondigings" en daar is ook 'n rubriek „Correspondentie".

INHOUD VAN JONG ZUID-AFRIKA.

1. PROSA.

Die „Letterkundige Bydragen" in Jong Zuid-Afrika staan ver agter by die ander tydskrifte. Jong Zuid-Afrika blyk maar net 'n voortsetting te wees van H.Z.A.T. „Dit blad is niet van plan u lang preken te geven, maar toch zal er meer dan een stuk in komen dat u tot nadenking zal zoeken te brengen". (J.Z.A. 1893).

Didaktiek is die hoofdoel asook een van die hoofvereistes in die letterkunde. Opvoeding tot nasionaliteitsgevoel en opvoeding in die godsdiens spreek uit die meeste bydraes.

.Suiwer lerend is stukke soos „De Ware Lady", „Slecht Gezelschap", „Getrouw tot den Dood", „De Vroolyke Knaap" wat almal onder die skrywers se voorletters verskyn.

Meer vermaaklik is die vervolgverhaal „Een Uitstapje" (1894) en die reisverhaal „Van Middelburg Z.A.R. naar Antananarivo, Madagascar" deur R.A.K. in 1894. „Mina" (1895) deur P. is 'n oppervlakkige liefdesverhaaltjie van 'n onderwyseres.

Die kindertoneelstukkies soos „Grietje Tweeschoenen" (1895) 'n vryvertaling, is nie van veel waarde nie.

Van 'n paar medewerkers van H.Z.A.T. verskyn daar in J.Z.A. ook bydraes soos D'Arbez se „Myn Yzervarkjacht" 'n doodgewone liefdesverhaal vol Engelse woorde en wat eindig met 'n stukkie propaganda vir die Hollandse taal; Juf. Vermaak is een van die wel opgevoede dames wat nie skaam is om die Hollandse taal te praat nie.

2. <u>POëSIE</u>.

Wat die poësie betref vind ons 'n paar bydraes van Hubertus Elffers „De Vrystaatsche Postryder" (1893) en „Levensspieghel" (1893). Veral in die laaste gedig vind ons die ernstige godsdienstige bespiegelinge van die digter.

Van M.J.B. verskyn ook 'n paar vloeiend, rymende grappige gediggies: „Ou Klaas Lap" (1895) en „Goed dat hy maar eerst gelach het".

„Huwelykszegenwensch" van N.P. (1895) is ook sterk geestelik.

3. <u>BOEKAANKONDIGING</u> in J.Z.A. is uiters skraal. Net 'n paar boeke word aangekondig en aanbeveel soos bv. „De Familie Milner of De Diamantdelvers aan Vaalrivier" (1894) wat 'n vertaling is van Fred. H. Olland.

<u>DIE ONDERGANG VAN J.Z.A.</u>

Ook Jong Zuid-Afrika vind dit moeilik om die blad vol te

hou./...

hou. Ook hier moet gedurig van omgewerkte artikels uit oorsese tydskrifte gebruik gemaak word. Prof. W.A. Logeman vertaal uit die Frans, Emile Souvestre se „De Aanbevelingsbrief" (1893) en „De Pleegmoeder" deur Anna, is 'n navolging uit Duits.

Gedurig moes die redaksie die Hollandse medewerkers aanspoor vir bydrses en intekenaars. Die Redakteur, M.J. Stucki, verklaar selfs dat hy meer ondersteuning kry uit die Transvaal en die Vrystaat as uit die Kaap.

Maar weer moet beklemtoon word dat ook Jong Z.A. grootliks onafrikaans was en nie rekening gehou het met die sterk opgang van Afrikaans, die spreektaal van die bevolking nie.

In die derde jaar van sy bestaan en toe die tydskrif op sy toppunt wa. het die onverwagte slag gekom.

Sommige van die medewerkers van J.Z.A. het die idee gekry van 'n geïllustreerde tydskrif om J.Z.A. te vervang. Na onderhandelings met Stucki is besluit om J.Z.A. te staak en drie maande daarna het 'n nuwe geïllustreerde blad „Ons Tydschrift", gedruk in Holland, verskyn.

4. ONS TYDSCHRIFT: (Geïllustreerd Familieblad voor Zuid-Afrika).

Onder redaksie van ds. A. Moorrees, ds. Edm. de Beer, dr. W.J. Viljoen, Mnr. M.J. Stucki, prof. P.J.G. de Vos, e.a. Die uitgewers was Jacques Dusseau & Cie., Amsterdam en Kaapstad.

ONTSTAAN, DOEL EN GERIGTHEID VAN „ONS TYDSCHRIFT".

J.Z.A. onder redaksie van mnr. M.J. Stucki het opgehou om te bestaan nie omdat dit nie kon bly bestaan nie maar omdat daar behoefte was aan 'n meer uitgebreide en geïllustreerde tydskrif.

Volgens die redakteur in sy begroetirg aan die lesers „Den Lezer Heil" (1e Jaargang 1896) is die skrywers van die tydskrif almal Afrikaners wat hulle land lief het en hulle volk op die hart dra. Hulle glo in 'n eie en selfstandige volk wat sal bly bestaan sonder om hulle te verloor in die groot

see/...

see van Engelse nasionaliteit. Daarom is dit nodig dat daar deur Afrikaners meer geskrywe word en deur Afrikaners meer gelees word. „Geen middel zoo machtig als de pen, de drukpers, het boek om een volk by de hand te nemen en het te leiden naar de bergtoppen van kennis, beschaving en kracht".

Aan die klag van die Afrikaners dat die leesstof nie smaakvol genoeg is nie en dat daar in die Engelse tydskrifte veel meer te lees is en dat dit boënop opgehelder is deur pragtige plate en bekoorlike prentjies, wil Ons Tydschrift gehoor gee. Hulle doel is dus om leeslus op te wek deur illustrasies en 'n verskeidenheid gesonde en vermaaklike literatuur. Vandaar dat geesdrif vir die taal „onzer vaderen" opgewek moet word wat sal lei en meehelp tot die ontwikkeling en selfbewuswording van die nasie. (O.T. Afl. I).

Hierdie familieblad rig hom tot die huisgesin, die kweekplek van die toekomstige nasie, die plek waar die volksiel onmiddellik kan bereik en bearbei word. 'n Gesonde nasionale gees moet opgewek word. Dit veral was die doel van Ons Tydschrift, die „nationale maandschrift van het Afrikaansche volk" en tegelyk sou dit dien as die beskermer en behouer van die Hollandse taal en lettere in Suid-Afrika. Op hierdie punt het Ons Tydschrift reelreg teenoor „Ons Klyntji" gestaan. Dit was natuurlik ook die doel van die Genootskap van Regte Afrikaners maar hulle wil Afrikaans gebruik as die middel tot bereiking daarvan. Hierdie verskil het nie die leiers met haat en vyandiggesindheid vervul nie en daarom vind ons die name van Patriotmanne ook onder die lyste van die Hollandse tydskrifte.

Ons Tydschrift bied 'n groter verskeidenheid van stof as die ander Hollandse tydskrifte. Dit is by uitstek ingerig as 'n familieblad. Dit bevat vervolgverhale, novelle vir vermaak en lering, soos bv. „In het net dat hy verborgen had of De Geschiedenis van een I.D.B." (Jrg. I en II) „De Keus van

den/...

den Dokter" Jrg. I. Historiese verhale van rampspoedige gebeurtenisse soos „De Groote Ramp op Java"(Ned. Indië in het jaar 1883); „Het Vergaan der „Kow Shing'" (Jrg. I)en „Een bezoek aan Kommandant Cronje"(Jrg. I.) en „Oorlogsherinneringe", soos die van A.J.G. de la Rey (Groot Adriaan) „Losse bladen uit myn Leven", „Een paar bladen uit myn leven" en „De Donkere Dagen van 1880". Onder die opskrif „Onze Groote Mannen" verskyn daar gereeld lewensbeskrywings van manne soos dr. George McCall Theal deur J.W.G. v.O; Rechter Benedictus Egidius Watermeyer, deur E.d.B. (Jrg.I). Reisverhale soos „Een reisje om de Wêreld" deur J.F.v.O. asook beskrywings van belangrike dorpe en plekke met illustrasies maak ook deel uit van die interessante leesstof in „Ons Tydschrift".

„Voor Onze kinderen " bied tonelstukkies met 'n didaktiese strekking soos „Eerlyk duurt het langst" en stories en sprokies soos „Het Leelyke Jonge Eendje" (Uit Andersen's Sproken en Vertellingen). Selfs vertellinge uit Volkskunde soos,- De koning van Kouwenburg.(Jrg. II)

In „Editoriale Praatjes" maak die redakteur gewoonlik beroep op die lesers vir bydraes, intekenaars en soms bevat dit ook „boekbeskouwings" alhoewel „Boekbeoordelinge" ook afsonderlik verskyn.

Populêr wetenskaplike beskrywings en verhandelings soos „De Wonderen van den Sterrenhemel" van J.F. van Oordt (2e Jrg.) en „Onze Taal en onze Geschiedenis" en „Bydragen tot de Geschiedenis onzer Volkstaal". In „Voor Dames" word allerhande sakies oor huishouding en wenke oor modes aangegee en bespreek. „Praatjes over Landbouw" deur Asega verskyn baie gereeld.

Die Nuus van die buiteland word in „Wêreldkroniek" aangebied en vir 'n geruime tyd het daarook 'n afsonderlike kroniek oor Suid-Afrika verskyn.

„Bladvullings" bevat allerhande lewenswyshede.

Gedigte/...

Gedigte en liedere op musiek soos „Doornkop" woorde en musiek deur H. Visscher. (Jrg.II) en Een Zuid-Afrikaansch Volkslied deur N.J. Hofmeyr met musiek deur Rocco de Villiers. (Jrg. I)maak ook deel uit van die inhoud.

BYDRAES EN BYDRAERS.

1. PROSA.

Die prosa van „Ons Tydschrift" word in dieselfde trant as die vorige Hollandse tydskrifte voortgesit, maar in verhouding tot die Hollandse bydraes neem Afrikaans aanmerklik toe. Die Redaksie gee voorkeur aan bydraes uit S.A. maar die redakteur moet gedurig die lesers pleit vir meer ondersteuning (Editoriale Praatjies Jrg. I, no. 1)

D'Arbez (J.F. van Oordt) met sy volksopvoedende historiese verhale het al sy debuut in H.Z.A.T. gemaak. Die skuilnaam D'Arbez is die omgekeerde van Zebra 'n bynaam wat prof. dr. Cosyn van Leiden aan hom gegee het. Die Hollandse Uitgewersmaatskappy het hom as skrywer aangestel vir literêre werk in Kaapstad. 'n Aansienlike aantal boeke was die vrug van hierdie aanstelling en die ondervinding wat hy opgedoen het in sy swerwerslewe, het hom hierin goed te pas gekom. Na „Kaapsche Stories" 1896 begin hy met sy Zuid-Afrikaansche Historie-Bibliotheek bestaande uit 19 dele wat strek vanaf 1897 tot 1917. In die Eerste Jaargang (1896) van Ons Tydschrift verskyn die historiese roman wat hy eerste geskryf het, nl. „Dawid Malan, Een verhaal uit den Grooten Trek", waarvan die eerste paar hoofstukke in H.Z.A.T. verskyn het onder die opskrif „Mimi de Wet", maar wat hy weer moes omwerk omdat die manuskrip verlore gegaan het. Daarna verskyn „Van Klerk tot Gouverneur"(Jrg. I en II) wat handel oor die lewe van Ryk Tulbagh; en „De Neef van den Kommandant" waarin die geskiedkundige figuur van Adriaan van Jaarsveld behandel word. Dit is 'n heeltemal verdienstelike verhaal maar is nooit in boekvorm uitgegee nie.

In sy/...

In sy reisverhaal: „Een Reisje om de wêreld" -„Voor Afrikaners geschreven door een Afrikaner" is hy ook leermeester. Reis kos geld maar dan moet men nooit vergeten aan den anderen kant dat men veel zeer veel leert door reisen".

„De Veldslagen en Gevechten in Zuid Afrika geleverd" (O.T. 1899 - 1900) put baie uit Theal, maar word darem baie duidelik beskryf.

„Sy kortverhale is ligte ontspanningslektuur sonder enige mensbeelding: dit bly net 'n reeks aaneengeskakelde uiterlike handelinge en toevallighede."

In sy populêr wetenskaplike beskrywings „De Wonderen van den Sterrenhemel" word die grootheid van Gods almag gestel teenoor die nietigheid van die mens. Onder „Onze Groote Mannen" bewys hy 'n groot liefde om die lewe van groot manne soos J.H. Braad en dr, E.J.P. Jorissen en F.W. Reitz, te beskryf. Hierdie werk is die voorlopers van sy latere grotere biografieë; „Paul Kruger" en „Het Leven van Calvyn".

So baie werk tegelykertyd laat sy werk dan ook mank gaan aan goed deurdagtheid en afgerondheid. Die historiese feite word saameengevleg as 'n verhaal met 'n romantiese agtergrond. Te lang stukke geskiedenis onderbreek soms die verhaal of dit is met 'n dun draadjie verbonde aan die verhaal. Soms geluk dit hom om die historiese figure lewendig voor te stel. Maar meestal is sy karakters beelde van sedelike deugde.

D'Arbez is oorwegend didaktikus in sy historiese verhale. Hy beywer hom om te help die Afrikaanse nasie nasionaal selfbewus te maak. Uit die geskiedenis, die roemryke dade van voorouers, moet die volk die les leer van liefde tot volk, Vaderland en taal. Sy karakters word in die trant van Van Lennep behandel. Dit wil voorkom of Van Lennep se romans baie sterk invloed op hom gehad het.

Hy het 'n aangename verteltrant en hy sorg dat die stof so spannend vertel word dat dit die jongspan die lus gee om die

stukke geskiedenis oor te lees.

David Malan is so'n dappere volksheld van durf en daad in geveg en in gevaar. So ook is die deugdige en knappe boervrou, Martje, wat gewillig is om alles vir volk en vaderland op te offer. Africanus se karakters tree meer lewendig op die voorgrond want hy laat hulle praat en doen, terwyl D'Arbez meer sy karakters beskryf.

Net so word Adriaan van Jaarsveld en Ryk Tulbagh in 'n verheerlikte lig voorgestel as voorbeelde vir navolging. Maar nieteenstaande hierdie pop figure gee hy ons interessante kykies in die voortrekkerbestaan van die grensboere in Graaff-Reinet. Hy laat die laer lewe in ons verbeelding herlewe.

D'Arbez as didaktikus, historikus en romantikus, moet noodwendig sy verhale klee in 'n eenvoudige taal en styl om aan te pas by die peil van sy lesers. Reeds in Nov. 1891 (Z.A.T.) rig hy „Een woordje over en aan den Taalbond" dat hulle hulle boeke in eenvoudige Nederlands moet uitgee sodat dit makliker verstaanbaar is vir die „Afrikaansche boer". Hyself verklaar dat hy vir die boerbevolking skrywe.

Sy Hoog Hollands was sterk Afrikaans gekleurd en in die dialoog gebruik die karakters Afrikaans. Sy werk het die oorgang van Hoog Hollands na Afrikaans vergemaklik en bevorder.

Hy is een van die vernaamste skrywers van die oorgangsperiode tussen die Eerste en Tweede Taalbewegings. Gedurende sy tyd en selfs gedurende die Tweede Taalbeweging was sy romans nie alleen 'n groot kultuurfaktor nie maar was 'n sterk wapen teen die anti-nasionale onderwyspolitiek van die Engelse, wat daarop uit was om S.A. te angliseer.

Die groot aandeel wat hy gehad het in die behoud van 'n Afrikaanse kultuur word bewys uit die groot aantal boeke van hom wat versprei is. Van „Mooi Annie, sy mees populêre roman is 8,000 Hollandse en meer as 24,000 Afrikaanse eksemplare

verkoop/...

verkoop.

In sy „D'Arbez as skrywer" gee dr. P.J. Nienaber ons 'n deeglike karakteristiek van D'Arbez en sy werk. Hy wys op die belangrike baanbrekerswerk wat D'Arbez verrig het.

Dr, Nienaber het 'n huldedaad verrig wat die nageslag D'Arbez skuldig is.

J.D. K(estell) vertel op baie interessante wyse in „Klein Hans Smal" (Jrg. I)van die lewe van die Trekkers gedurende die eerste jare in die Vrystaat. Die tendens in die novelle, „Hy is nie van jouw soort nie" ook deur J.D. Kestell, is dat rykes nie op armes mag neersien nie. „De Godsdienst van het leven niet de theologie van de bibliotheek spreek daaruit" „Johanna Cloete" deur J.D.K. (2eJrg.) is die liefdesgeskiedenis van 'n jong Afrikaner meisie.

Van ander verhale is „In het net dat hy verborgen had" of „De Geschiedenis van een I.D.B.", 'n spannende intrige van haat en liefde wat in Kimberley op die delwerye afspeel. So ook is „De Knecht te Limoenskloof" 1899 deur Nicht Sannie. „Mimosa" skilder vir ons die gewoontes en alledaagse lewe op 'n boereplaas in Die Familie de Plooi. 'n Dramatiese skets in twee bedrywe (Jrg. I) Mimosa gebruik die tipiese spreektaal van die boer van daardie tyd en behaal 'n besonder tekenende effek.

„Schetsen uit Zuid-Afrika" (Jrg. 2) van Mimosa is grappig en interessant.

3. POESIE.

In Ons Tydschrift is die oorneem en navolging van Nederlandse gedigte aan die afneem. Die gedigte is meestal nasionaal of humoristies. „Charterfaam en Doornkop" (Jrg. I) deur Theka stel die Charterbritte met hulle Jameson inval belaglik voor en roem die oorwinning van die Transvalers. „Doornkop" (Jrg.2) is deur die digter self op musiek gesét. In „Myn land, myn Volk, myn Taal" laat M.J. Brink sy liefde vir sy land

gevoelvol weerklink. Ook van Nico Hofmeyr verskyn 'n lied „Een Zuid-Afrikaansche Volkslied" wat baie gewild was onder die publiek.

Beide hierdie volksliedere is op musiek gebring deur Rocco de Villiers.

„Piet Retief's dood gewroken" van Nico Hofmeyr is oorgeneem uit „Ons Volk".

In „Jameson" word die onstuimige gevoelens van die digter op oppervlakkige manier geuit. Ook om die held „Wolraad Woltemade" word 'n gedig gewy,maar die forsheid en beweging wat by so 'n gedig pas,ontbreek.

„De Reis naar Kaapstad van Oom Gysbert van Graan" van Melt Brink is 'n navolging van 'n humoristiese gedig van Van Zyeggelen. Brink skep die humor in die waardigheid en nugterheid waarop Oom Gysbert reageer op die vir hom so ongewone nuwighede in die stad. Brink het daarvan 'n suiwere Afrikaanse werk gemaak en Oom Gysbert het 'n lewende boer geword.

3. LETTERKUNDIGE KRITIEK IN ONS TYDSCHRIFT.

O.T. bevat ook net soos die ander Hollandse Tydschrifte maar weinig boekbeskouings en aankondigings. Die Redakteur kondig 'n paar keer boeke aan in „Editoriale Praatjes". So word „De Voortrekkers" of „Het Dagboek van Izak van der Merwe" deur J.D. Kestell en N. Hofmeyr bespreek. Daar word gewys op die historiese onjuisthede en die swak karaktertekening van 'n stoere Voortrekker.

Ook J.W.G. v.Oordt se „Zuid-Afrika zoo als het thans bestaat" word aangekondig.

DIE DOOD VAN ONS TYDSCHRIFT.

O.T. was 'n sukses omdat die bydraes meer uit Suid-Afrikaanse bodem was en meer Afrikaans gekleurd was.

Dit het bestaan van 1896 tot 1900 en was toe vir 'n

tydjie/...

tydjie opgeskort toe dit weer vir 'n jaar voortgegaan het tot 1901. Die oorlog van 1899 - 1902 het die dood van die tydskrif veroorsaak. Daar moet ook in ag geneem word dat O.T. 'n sterk mededinger gehad het in die Afrikaanse Tydskrif „Ons Klyntji". Gedurende die oorlog kon die tydskrif nie in die Transvaal en Vrystaat versprei word nie sodat dit nie meer kon bestaan nie.

DIE KULTUURHISTORIESE WAARDE VAN DIE HOLLANDSE TYDSKRIFTE.

Behalwe „het vorderen in den Godsdienst en oprechtheid benevens de letteren en wetenskappen" het „Het Ned. Z.A.T." gedien om die band met die Hollandse kultuur te bewaar in 'n tyd toe drastiese pogings aangewend was deur die oorwinnaar om een taal en kultuur te bestendig. Maar die oorwinnaar het nie rekening gehou met die godsdiens van die Afrikaner en die taal waarin hy die godsdiens beoefen het nie.

Die kerk in S.A. het die vaandeldraer geword van Hollands. Hierteenoor was Afrikaans,die spreektaal van die Afrikaner,besig om in sterkte en selfbewussyn aan te was, sodat teen die jaar 1838 die belangstelling in die blad begin verflou en daar ontwikkel 'n geslag „dat Josef niet kende" en wat Hollands nie ken nie. Het Ned. Z.A.T. was onafrikaans en in 1843 moes dit gestaak word. Engels het al hoe meer veld gewen.Teen die oprigting van 'n Hollandse koerant kon amper tienmaal soveel Engelse blasie opgenoem word. Die Groot Trek (1836 - 37) het die Hollandse taal sowel as die Afrikaanse taal van 'n gewisse dood gered. Die stigting van die republieke het perk en paal gestel aan die toenemende invloede van die Engelse taal. Eers in 1878 verskyn 'n nuwe reeks onder redaksie van J.H. Hofmeyr terwyl in die tussentyd, 1875, die Genootskap van Regte Afrikaners gestig is met die eerste Afrikaanse blad „Di Patriot". Tussen S.J. du Toit en J.H. Hofmeyr het Afrikaner nasionalisme sy vorming gekry.

Albei/...

Albei was dit eens dat Engelse kultuur invloed en oorheersing bestry moet word. Hofmeyr wou deurmiddel van Hollands Engels bestry en Du Toit deurmiddel van Afrikaans. Daarom word H.Z.A.T. by uitstek dié orgaan wat die Hollandse taal voorstaan.

In 1878 skryf F. Lion Cachet in sy boek „Twee Jaren in Holland. Brieven aan een Vriend". Nu en dan worden er geschriften in het Friesch uitgegeven doch miskien meer by wyze van antiquarische of provinsiale aardigheid. My dunkt zoo moest men in de kolonie met het Afrikaansch doen. Grondig Engelsch leeren als Engelsche onderdanen; Hollandch als leden der kerk en het Afrikaansch schryven zoo als het gesproken wordt by wyze van aardigheid." (Z.A.T. 1878.)

Uit die nagelate geskrifte van Arnoldus Pannevis verskyn 'n afdruk van sy toespraak in die Paarlsche Gymnasium in 1876 waarin hy beweer dat die geskreeu om Hollands in S.A.„veel geschreeuw en weinig wol is. Het Hollandsch word hier verwaarloosd en er bestant geene hoop dat het als algemeen geleerde taal in Z.A. het regt zal erlangen."

In sy voordrag in die Stellenbosche Gymnasium wys prof. Mansvelt op al die ondeugde van Afrikaans en hoe dit as 'n veronagsaamde en verwaarloosde kind behandel word. Maar hy het net soos dr. Changuion al in 1844 ingesien dat Afrikaans die taal van die Afrikaner in Suid-Afrika sal word.

Nieteenstaande die profetiese redes van hierdie taalg e - leerdes het Hofmeyr en sy aanhangers volhard in hulle doel.

In 1890 stig hulle die Z.A. Taalbond ter bevordering van die „belangen der Hollandsche taal in Zuid-Afrika."

„En al zal deze Bond zyn ideaal niet spoedig verwezenlykt zien, al zal ze ook te stryden hebben tegen domheid en vooroordeeld, het lydt geen twyfel hy een macht in het land kan worden - een macht ten goede - die liefde voor vaderland, nationale

geschiedenis/...

geschiedenis en taal zal aankweeken in het opkoomende geslacht". (Z.A.T. 1891). Die Kerk en die Afrikanerbond loof hulle steun aan die Z.A.Taalbond.

Het Z.A.T. word dan ook die orgaan van die Bond. Om die wat Hollands praat te help sal voortaan 'n paar bladsye gewy word aan beantwoording van vrae oor spraakkuns, styl, woordkeuse en sinsverband. Die vrae moes u[illegible] oor en in die Nederlandse taal wees en nie Kaaps-Holla[illegible] (Z.A.T. 1891).

Volgens sy standpunt dat een van die kragtigste bolwerke tot handhawing van 'n volksbestaan, die handhawing van die taal is, bepleit Africanus dat Hollands meer die omgangstaal gemaak word. (Z.A.T. 1891).

In verband met „De Taalkwestie" gee F.W.R(eitz) aan die hand die oprigting van „Rederykerskaners en Vereenigingen" in al die stede en dorpe. Hollandse sangstukke moet versprei word om die Engelse en Italiaanse sangstukke te vervang. (Z.A.T. 1891). Tog is F.W.R. 'n voorstander van Afrikaans want hy weerlê sekere bewerings van Africanus wat uit die oog verloor dat Afrikaans die spreektaal is - en ook al tot 'n sekere mate die reg as skryftaal verwerf het. Daarom is dit alreeds tot 'n volkstaal geword.

Prof. H.A. van Angelbeek bespreek „De Geschiedenis der Nederlandsche Taal in hooftrekken geschetst," van J. Verdam met die doel as propaganda vir Hollands „Taal verloren, volk verloren". Zuid-Afrikaanders houdt uwe volkstaal in eere daar toch eene eigene taal zoo nouw samenhangt met een onafhankelyk volksbestaan."

Op Verzoek van Pres. Reitz plaas H.E. 'n gedig „Verzuchting" waarin hy die Afrikaners verwyt oor hulle lawlendigheid. Die gedig is gedig na aanleiding van die woorde van Lord Randolp Churchill; „The days of the Dutch as an independent and distinct nationality in S.A. are numbered; they will pass away unhonoured, unlamented, scarcely even remembered" (Z.A.T. 1891).

Die/ ...

Die entoesiasme vir die Hollandse taal word so opwindend dat in 1893 'n Taalfees gehou word en te Burgersdorp 'n taalmonument onthul word om die oorwinning deur Hollands behaal, te vier.

Maar hierteen kom die uitspraak van D'Arbez. „Er is met al ons praten, met al ons doen, met al ons oprichten van een Afrikaner Bond en een Taalbond, nog maar zeer weinig nationaal gevoel opgewekt onder onze menschen. Nationale geesdrift is eigentlyk by ons nog onbekend"(Z.A.T. 1892). In dieselfde jaar van die Taalfees moet Het Z.A.T. gestaak word as gevolg van geldelike moeilikhede.

Die stryd gaan nie net teen Afrikaans of Kaaps-Hollands nie maar ook net so fel teen Engels. Een van die statute van die Z.A.Taalbond was die beywering vir die erkenning van gelyke taalregte in die Onderwys. Hollands moet as verpligtende vak beskou word by die elementêre skooleksamen en vir die Matrikulasie eksamen moet dit net soveel punte tel as die ander hoofvakke. Taal en nasionaliteitsgevoel is baie nou verbonde en daarom is die doel van die Taalbond die aankweking van „een ontwikkeld nationaliteitsgevoel".

Daar is alreeds onder die bespreking van die tydskrifte se bydrae daarop gewys hoe die bydrae opsetlik gekies is om 'n gesonde nasionale gees te ontwikkel. Veral die vaderlandse geskiedenis word gebruik om te wys op die roemryke verlede van die voorvaders en om sodoende liefde vir volk en taal in te

Na die dood van H.Z.A.T. sit J.Z.A. en Ons Tydschrift die werk van die Z.A. Taalbond voort.

Dat die Taalbond nie 'n groot sukses was nie bewys dat in Jong Zuid-Afrika die korrespondente aandring op 'n Vereniging van alle Afrikaners.

So 'n vereniging is noodsaaklik as die Afrikaners nie alles; „Nasionaliteitsgevoel, taal, zeden en gewoonten, willen

ten offer/...

ten offer brengen aan den Engelschen." (J.Z.A. Okt. 1893): Dojomo kla oor die gebrek aan geesdrif en rig 'n opwekkingswoord tot die lesers. „Wiens hart voelt niet zeer wanneer hy de flauwheid van den Taalbond en vele Afrikaner Bondstakken gadeslaat? Ouders in Zuid-Afrika indien gy iets tot zegen van uw land wilt doen, wakker dan dat gevoel van eenheid, dat nationaliteits gevoel by uwe kinderen aan."(Sept. 1894). Verwytend kom dit van die redaksie van J.Z.A.: „Waarom wil ‚Di Patriot' de taal van het minder ontwikkeld deel der bevolking tot algemeene taal van Zuid-Afrika verklaard hebben?" Wy kunnen het nut daarvan niet inzien."

In 1895 word Jong Zuid Afrika die orgaan van „Ons Spreekuur" van Stellenbosch - 'n liggaam wat in hulle debatte streng Hollands was.

O.T. en J.Z.A. het nie gestry teen die bestaan van Engels in Suid-Afrika nie maar teen die oorheersing en alleenreg daarvan.

In O.T. pleit ds. Moorrees vir die Hollandse taal in artikels soos „Twee Talen", „De Taalkwestie". Daar word gedurig geveg teen die skaamtegevoel en minderwaardigheidsgevoel om die taal te gebruik in geselskap. Die Afrikaanse dogters kom terug van die kosskole met verengelste houding,skaam vir hulle eie taal. Die Engelse met hulle groot wêreldtaal gebruik minagting van die taal van die oorwonnenes as 'n wapen in hulle kultuuroorheersing.

S. Kalff meen dat Afrikaans reeds verdring is deur Nederlands. "Zal misschien de tyd aanbreken waarin deze bastaard tale van het Nederduitsch aan de Vaalrivier geen andere rol zal spelen dan het Boerenfriesch in het oude Vaderland?" (O.T. Jrg. 4.)

Hesseling se teorie is dat Afrikaans 'n mengeltaal is.

In „De Zuid-Afrikaansche litteratuur en hare Opkomst", word erken dat ds. S.J. du Toit met sy "Di Patriot" veel

gedoen/...

gedoen het om die Afrikaanse gevoel te laat herleef. Maar hy het te ver gegaan. "De taal van Di Patriot moge niet onze ware taal wezen .... een ongelukkigen dag voor Z.A. als al haar litteratuur in de Patriottaal werd geschreven". (O.T. Jrg. 3.)

En tog word die bolwerke van die Hollandse taal, die tydskrifte, met verdrag ingeneem. In H.Z.A.T. is dit veral Maskew en Brink wat Afrikaans met 'n soort van Hollandse spelling skryf. In O.T. neem die gebruik in Afrikaans aanmerklik toe. Alhoewel hierdie Afrikaans nog 'n Hollandse kleur dra. „De grondslag van de Zuid Afrikaansche kultuur is Nederlands, maar op die grondslag is ook met ander materiaal gebouwd."

Die voorstanders van die Hollandse taal het egter nie so maklik ingegee nie. 'n Laaste gevegg word nog op tou gesit met die besluite i.v.m. Vereenvoudigde Spelling in 1897. Juis hierdie tyd het die verwikkelinge i.v.m. die Angloboereoorlog begin. Eers in 1903 kon dr. W.J. Viljoen na Europa gaan om die spelling erken te kry. Maar Afrikaans gesteun deur die oorlog het geweldig veld gewen.

Eers in 1903 is die vereenvoudigde spelling in gebruik geneem. D'Arbez was een van die eerste wat die vereenvoudigde spelling aangeneem het.

Die Hollandse tydskrifte gee ons 'n beeld van die letterkunde van die tyd in die kolonie. Ten gevolge van die agterstand waarin die Kolonie was op onderwysgebied is daar onder die volk nog nie die besef van ware kuns nie. Die stryd teen 'n groter wêreldkultuur bring mee dat die volk moes opgevoed word om 'n eie karakter en kultuur te behou en daarom was dit noodsaaklik dat die geleerdes die voortou moes neem of hulle kunstenaarsaanleg gehad het of nie. Die ontstaan en voortsetting van die tydskrifte is te wyte aan 'n groot taal en kultuurstryd.

Op alle gebiede probeer die tydskrifte om in die

behoefte/...

behoefte van die volk te voorsien. Die Bybel was die vernaamste leesstof van die volk en dit is ook te verstaan waarom die meeste verhale en gedigte 'n godsdienstige strekking het. Dr. W.J. Viljoen behandel die invloed wat die Bybel op die volk en taal gehad het in „Bybelsche spreekwyzen" (Z.A.T. 1878). Hy beskou die Hollandse Bybel ook as „een groote slagboom tegen de overheersching der Engelsche taal.

Liefde tot die vaderland spreek uit baie stukke en in sommige word die gevoel hooglopend. Soos bv. A.J. v.d.Walt se „De Familie of de Engelsch gezinde Afrikaner" (O.T.I) waarin met veragting neergesien word op halfhartige vaderlanders.

Selfs politieke gebeurtenisse word in die tydskrifte weerspieël soos bv. oor die Jameson Inval in O.T. Selfs „Gezellig Tydverdryf en Vermaak" bestaan uit Bybelse vrae. Om in die klein wetenskaplike behoeftes te voorsien word artikels en verhandelings uit oorsese blaaie omgewerk om aan te pas by die volk en Suid-Afrikaanse omstandighede. So is „In den Beginne" (Z.A.T. 1881) 'n populêre bydrae tot die geologie deur dr. J.A. Avis, Om liefde vir die taal te kweek word taalkundige onderwerpe ook populêr behandel.

Die huishoudelike aangeleenthede word in verskillende rubrieke behandel.

Die Hollandse tydskrifte was van onskatbare waarde in die opwekking van 'n nasionale bewustheid en 'n gelykwaardigheidsgevoel met die Engelse kultuur.

Dit het ook 'n stoot aan Afrikaans gegee. Dit het die Afrikaanse taal aangevul en verryk, want Hollands was die stamtaal.

ONS KLYNTJI.

ONTSTAAN, GERIGTHEID EN DOEL.

Sodra die Kaap vir goed Engelse gebied geword het, begin die veroweraar om sy kultuur met alle mag op die koloniste af te druk/...

te druk. Die Engelse sosiëteitswese en sport was vir baie Afrikaners aanloklik. Geen wonder dat in later jare sekere Afrikanername soos, Van der Byl, Van der Riet, Cloete ens. die voortou geneem het in die Engelse „races", „Balls" en „Club" lewe. Inteendeel het hierdie onuitstaanbare aanmatigende Engelse meerderwaardigheidskompleks die meeste koloniste tot verset uitgelok. 'n Eie S.A. kultuur ontstaan alhoewel gevoed deur en sterk verbonde aan die Nederlandse.

Die Hollandse toneelopvoerings ontstaan onder die prikkel van die Engelse toneelopvoerings in die garrisoen te Kaapstad. Verder het die Hollands-sprekendes ook onder die Eerste Hollandse koerant aan die Kaap nl. die „Kaapsche Courant" wat gedurende die Engelse besetting tweetalig was en meer net Hollands gedurende die Bataafse tydperk. Maar deur Lord Charles Somerset se verengelsingspolitiek het dit later heeltemal verengels. Maar Suasso de Lima het dit in Hollands voortgesit as „De Verzamelaar" wat later oorgegaan het in „De Zuid Afrikaan" wat so 'n lang en glorieryke loopbaan gehad het. Juis in die tyd toe Lord Charles Somerset sy taalwette uitgevaardig het, ontstaan die Eerste Hollandse tydskrif; Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tydschrift (wat alreeds bespreek is).

Van 1824 tot 1843 het hierdie tydskrif die band met die Dietse kultuur behou. Die ingewikkelde inhoud en onafrikaansheid van die blad het die Afrikaanse bevolking vervreem. De Zuid-Afrikaan was meer gewild.

Adv. de Mist het dit gou gemerk dat die spreektaal in Suid-Afrika nie meer suiwer Hollands was nie. My het probeer om met sy stelsel van Onderwys die spreektaal weer terug te bring na Hollands maar die tweede oorgawe van die Kaap het sy planne verydel.

Na die dood van Het Ned. Z.A.T. in 1843 en die politieke en maatskaplike warboel na die Groot Trek het die Engelse hulle

kans/...

kans waargeneem om die Afrikaners te angliseer. Soos 'n vloedgolf het die Engelse kultuur die Suid Afrikaanse kultuur oorweldig. Teen een Hollandse koerant kon daar omtrent tien Engelse koerante opgenoem word.

Vanaf 1843 tot 1878 het dan ook geen Hollandse tydskrif bestaan nie. Die Voorstanders van Hollands het nie tevoorskyn gekom om die stryd aan te knoop nie. Inteendeel het die vesting van Hollands - die kerk waar die Hollandse Bybel was en die predikante - die verengelsingsproses in die hand gewerk.

Die Moodey en Sankey liedere is in Hollandse kerke gesing, en van die hoofdienste is in Engels gehou.

„Dit was nie die predikante van die synode nie maar die publiek wat gevrees het dat die Hollandse taal uitgeban sou word."

Die skadelike verwaarlosing van Hollands op die skole het 'n weemoedige geroep om moedertaal onderwys laat opgaan.

Op Onderwysgebied het die koloniste nie geduld dat hulle kinders opvoeding sou ontvang net deur middel van Engels nie. Hulle het privaat skole gestig en onderwysers uit Holland ingevoer. So erg was die verset dat die Engelse Vrye skole omstreeks 1838 leeggeloop het.

Maar die Kaapse goewerneur het op 'n oulike wyse die koloniste gevang. 'n Aanbod van £30 toelae is gemaak aan alle privaat skole wat Engels as vak in hulle leerplan toelaat en dan moes die skool onderhewig wees aan goewermentele inspeksie.

Op die ander skole was Hollands toegelaat as die ouers dit verlang het. Die Bybel kon gelees word mits dit vertaal word van Hollands in Engels en omgekeer. Die gevolge van die aanbod was dat die boere hulle laat vang het en in 1845 was daar twaalf maal soveel kinders op die goewermentskole as in 1839.

Die toegewings het hulle gedoen om die jeug weer onder hulle hande te kry en hulle liefde in te boesem vir die

Engelse/...

Author Combrinck W G
Name of thesis Die Hollandse en Afrikaanse Letterkundige tydskrifte van Suid Afrika 1944

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.